# OTTERSTAPROETE 2025

| ROETE: | Stormsrivier na Nature's Valley | DATUM: | 24-28 Nov 2025 |
|---|---|---|---|

## KOMMENTAAR

Ons groep van 12 Otter-stappers het uit verskillende rigtings Sondag 23 November 2025 bymekaar gekom in die pragtige Nature’s Valley en almal in dieselfde huis oorgebly. Ons het die aand saam gebraai en mekaar so bietjie beter leer ken. Ons is die Maandagoggend 09:00 by De Vasselot-kampterrein deur ons pendelvervoer opgelaai en na Stormsrivier Nasionale Park geneem. By Stormsrivier Park se ontvangs het ons die formaliteite en verpligte ‘Briefing’ afgehandel voor ons die Otter amptelik kon begin. Die eerste paar kilometer het ons met 'n pragtige paadjie deur die inheemse woud see se kant toe gevat. Hier het ons ons eerste sarsie van “boulder hopping en rotsklim” gehad voordat ons teen middagete by die waterval en rotspoel langs die see kom afpak. Na middagete en nadat ons 'n bietjie afgekoel het in die rotspoel het ons die laaste paar kilometer aangepak na die eerste oornag hut. Die eerste dag was korterig (4.8 km) maar nie sonder opwinding nie en 'n goeie voorsmaak van die pragtige natuurskoon wat op ons sou wag vir die volgende paar dae. Die hutte wat basies maar meer as voldoende en Dag 1 se hut het 'n baie spesiale buit stort in 'n baie skadurye kloof gehad. Ons het die dag met 'n pragtige sonsondergang gegroet.

Dag 2 het ons meestal onder die koel skaduwee van die woud gestap, maar ook deeglik kennis gemaak met die monster bulte waarmee die Otter ons telkens vir die volgende paar dae sou inwag. Persoonlik was dit vir my een van die mooiste dae op die hele staptog. Ons het vroeg ons eerste rivierkruising by Kleinbosrivier gehad. Oor die algemeen was die Tuinroete redelik droog vir hierdie tyd van die jaar en meeste rivierkruisings kon oorgesteek word sonder om te veel nat te word. Net na middagete op Dag 2 het die avontuurlustiges onder ons die mooi “pinnacle” rots uitgeklim en is beloon met seker van die mooiste uitsigte op die hele roete. Kort daarna het ons weer gestop, ons rugsakke agtergelaat en afgeklim na die pragtige Bloubaai waar ons 'n tyd lank vertoef het en net die mooi van die omgewing kon inneem terwyl ons op die strand gesit het. Ons het daarna weer teen 'n stywe opdraande uit voor ons die laaste kilometer of twee voltooi het vir die twee oornaghutte wat  by 'n kleinerige riviermond geleë was. Hier het die berugte muskejaatkat van die Otter ons ook kom besoek en homself gehelp aan van ons stappers se kosvoorraad wat hy in die hande kon kry! Dag 2 se stap afstand was 7.9km.

Ons het sommer baie vroeg op Dag 3 die pragtige Elandsriviermond oorgesteek met die mooiste spierwit sandstrand riviermond. Ons het hom enkeldiepte oorgesteek voor ons weer die volgende ravyn uitgeklim het. Hoog bo-op die ravyn het ons net na middagete by die Lotteringsrivier aangekom met die mooiste uitsig van die oornaghutte onder teen die rivier aan die oorkant. Na 'n effense tegniese begingedeelte van die roete na die onderste gedeelte van die Lotteringrivier ravyn het ons onder by 'n rivierloop aangekom wat ons met behulp van 'n paar spronge oor rotse droogvoets kon kruis. Hier het ons ook 'n hele tydjie vertoef in die talle swempoele wat in die rivierloop was voor ons die laaste entjie na die oornaghutte aangepak het. Dit was van die mooiste uitsigte van die oornaghutte met 'n uitsig oor die riviermonding en die gedruis van die branders heelnag voor ons voordeur.

Dag 4 het sommer dadelik begin met 'n baie stewige klim. Ons het effens vroeër begin om doodseker te maak ons is vroeg genoeg met laagwater by die Bloukranskruising. Die dag het vinnig gevorder vir die eerste gedeelte tot by Witelsrivier. Van hier af het ons redelik naby die see gestap met talle steil rotsklimpaadjies wat ons moes baasraak. Ons was redelik vroeg by Bloukrans, maar die effens ongunstige weer van die dag het gemaak dat die see baie onrustig was en vir redelike ongemaklike golwe gesorg het wat baie twyfel in ons gemoedere laat ontstaan het oor die veiligheid van die Bloukranskruising ten spyte van die laagwater. Die groter golwe het vir bietjie opwinding gesorg maar ons is uiteindelik oor die Bloukransmonding. Met baie adrenalien in die are is ons die loodreg rotse uit met behulp van toue en kon ons die laaste paar kilometer aanpak na André se oornaghutte. Die gemoedere was baie hoog die aand toe ons die vuur aansteek want die Bloukrans is oorgesteek en die laaste dag lê voor. Dag 4 se stap afstand was 13.8km.

Weer eens het ons die dag begin met 'n baie steil klim van die begin af, maar ons is beloon met 'n ongelooflike uitsigte van die rand van die ravyn oor die woude en berge agter ons. Dag 5 was vandaar 'n redelike gemaklike stap tussen 'n kombinasie van woud en oop fynbos tot by die Grootriviermond op Nature’s Valley se pragtige groot en oop strand. Hier het ons die laaste kilometer of twee met die woudpaadjie gestap tot by die eindpunt by De Vasselot-ruskamp. Ons was 12 moeë stappers maar met 'n lied en sommer baie vreugde in ons harte het toe ons klaarmaak. Ons het daarna 'n warm stort en skoon klere by ons oorna huis in Nature’s Valley met oorgawe waardeer. Ons almal het die dag afgesluit met 'n aandete by die plaaslike restaurant in Nature’s Valley. Nuwe vriendskappe is gemaak en met 'n hart vol ongelooflike herinneringe het ons die volgende dag huiswaarts gekeer. 'n GROOT DANKIE aan Elvin en Carine van Zyl vir al die stapreëlings, die toutjies bymekaar hou, en die stapleiding – ons waardeer dit baie.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Elvin van Zyl | 156/2025 | 45 | 4115 | |
| Carine van Zyl | 155/2025 | 45 | 4115 | |
| Johan Snyman | 073/2025 | 45 | 4115 | |
| Magda le Roux | 124/2025 | 45 | 4115 | |
| Elsie Swart | 061/2025 | 45 | 4115 | |
| Gerna Hough | 131/2026 | 45 | 4115 | |
| Mariaan de Villiers | 174/2025 | 45 | 4115 | |
| Nena Vukicevic | 173/2025 | 45 | 4115 | |
| Pat de Beer | Besoeker | 45 | 4115 | |
| Rassie Pretorius | 169/2026 | 45 | 4115 | |
| Letitia Herholdt | Besoeker | 45 | 4115 | |
| Kobus Herholdt | Besoeker | 45 | 4115 | |
| | | | | |
| | TOTALE: | 540 | 49380 | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | N/A |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

| VERSLAG DEUR: | Elvin van Zyl |
|---|---|